

Blydschap in die hemel oor een sondaar se bekering

Die aanleiding vir Christus se vertel van die drie gelykenisse oor die bekering van 'n verlorene – die verlore skaap, muntstuk en seun – was die ontsteltenis by die Fariseërs en die skrifgeleerdes dat Jesus Hom so besonderlik bemoei het met tollenaars en sondaars om hulle tot bekering te lei. Teenoor die ontsteltenis van die Joodse leiers wys Christus egter op die blydschap in die hemel as daar maar net een sondaar tot bekering kom.

As daar so 'n besondere blydschap in so 'n luisterryke plek soos die hemel met sy heilige bewoners is, nie slegs met die bekering van 'n groot aantal mense nie, maar by die bekering van een enkele mens, dan moet die bekering van so 'n enkele persoon 'n uiters belangrike saak wees. Dit is inderdaad die geval. Daarom moet daar ook besondere moeite gedoen word om mense tot bekering te bring. En dit is presies wat Jesus in die gelykenis van die verlore skaap en muntstuk aan ons voorhou. Daarom laat die herder sy 99 skape in die veld en gaan soek die verlore skaap tot hy hom kry. Daarna dra hy hom met liefde en blydschap terug. Daarom keer die vrou haar huis om op soek na die verlore muntstuk. En toe sy dit kry, was sy baie bly. Dit is dan ook die rede waarom die Here Jesus Hom met tollenaars en sondaars bemoei: om hulle tot ware bekering te bring.

Daardeur word ook op ons egter die roeping geplaas om daadwerklik skyngelowiges en ongelowiges tot bekering te bring deur Jesus Christus as Verlosser van sondes aan hulle te verkondig. En as so 'n sondaar hom/haar tot die Here gekeer het, moet ons opreg saam met die engele in die hemel daaroor bly wees. Trouens, “hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, red hom uit die dood en maak dat 'n menigte sondes vergewe word” (Jak. 5:20).

Sing: Skrifberyming 15 (16-1):4, 5, 6

Prof. PJ (Paul) de Bruyn (Emeritus)